Stefanus word gevange geneem – Francois Malan

Liesl
vra:

In watter stad/dorp is Stefanus
gevange geneem????

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Toe daar in die gemeente in
Jerusalem klagtes van die Griekssprekende weduwees gekom het, is sewe mans uit
die gemeente gekies om die apostels te help. Stefanus was een van hulle
(Handelinge 6:5). Toe hy egter in die Joodse sinagoge van die Libertyne in
Jerusalem met hulle begin redeneer het, het hulle hom by die Joodse Raad gaan
aankla, wat hom verhoor het (Hand 6:6-15). Nadat hy die Joodse Raad toegespreek
het (Hand 8:1-53) was hulle briesend kwaad vir hom; hulle het hom uit die stad
Jerusalem gesleep en hom gestenig (Hand 7:58).

Skrywer: Prof Francois Malan